VELDWERK

Visie: Om volwassenes op te lei om kinders 'n liefde vir en kennis van die veld te gee, en self ook verryk te word.

Missie: Gemaklike veldaktiwiteite, spesialisasies en graadwielwerk.

A. OPLEIDINGSPLAN

SLEUTELDOELWIT
- Om die kursusganger toe te rus met die nodige kennis van die veld.
- Om die kursusganger bepaalde vaardighede in die veld te laat bemeester.
- Om 'n liefde vir die veld te ontwikkel.
- Om die veld te ondersoek en te bewaar.

TEIKENGROEP
Alle volwasse lede van die Voortrekkers.

TOELATINGSVEREISTES
- Moet 'n ingeskrewe lid van die Voortrekkers wees.
- Moet die nodige inskrywingsvorm voltooi en kursusgeld betaal het.
- Moet die nodige voorafwerk voltooi het, indien van toepassing.
- Moet die vooraf leerwerk gedoen het, indien van toepassing.
- Moet fisies in staat wees om gemaklik in die veld te kan beweeg.

KURSUSLEIER
- Moet 'n wye ervaring van die veld hê of 'n span aanbieders insluit met gespesialiseerde kennis.
- Daar moet 'n balans wees tussen kennis en vaardighede wat aangeleer word.
- Die standaarde hier beskryf is minimum riglyne en kursusleiers kan uitbrei waar hulle dit nodig ag, maar alle aktiwiteite moet wel aandag geniet en **een** behoort nie te veel tyd in beslag te neem ten koste van ander nie.

B. WERKSKEMA

Algemene vertrekpunt: die ABC moet in al die aktiwiteite die uitgangspunt wees en nie afsonderlike aktiwiteite op die program nie[1].

AKTIWITEITE
01 Groepdinamiese proses
02 God en Skepping
03 Grond en Rots
04 Water
05 Lug
06 Ekostelsels en Habitat
07 Natuurbewaring
08 Weerkunde
09 Plantegroei

[1] Byvoorbeeld, by Natuurbewaring moet die kursusganger kennis neem van waar hy/sy as landsburger deel van die natuurbewaringstruktuur kan vorm.

10 Dierekennis
11 Veldhigiëne
12 Touwerk
13 Toerusting
14 Noodhulp en Gebeurlikheidsbeplanning
15 Oriëntering
16 Skuilings
17 Vuurmaak
18 Veldkook
19 Sterrekunde
20 Oorlewing
21 Veldwaarneming
22 Evaluering

C. SPESIFIEKE DOELWITTE

AKTIWITEIT 1 GROEPDINAMIESE PROSES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om mekaar te leer ken en die kursusdoelwitte te begryp.

STANDAARD Dat die kursusgangers
(a) mekaar leer ken;
(b) kennis neem van die kursusdoelwitte en dat kontraksluiting plaasvind.

AKTIWITEIT 2 GOD EN SKEPPING[2]

SPESIFIEKE DOELWIT
Om aan die kursusganger geleentheid te bied om te ervaar hoe God Hom deur die Skepping openbaar.

STANDAARD Dat
(a) die wonder van die skepping ervaar word;
(b) die opdrag van die mens in die natuur begryp word (bewerk en bewaar);
(c) die verantwoordelikheid teenoor die skepping besef word.

AKTIWITEIT 3 GROND EN ROTS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om aan die kursusganger te verduidelik hoe 'n groot rol die behoud van grond in die mens se lewe speel.

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) 'n inleidende kennis opdoen van geomorfologie, toegelig met die plaaslike omgewing se geologie;
(b) die gevare van erosie en die bekamping daarvan bespreek;

[2] Dit moet geïntegreer word in al die aktiwiteite deur die hele kursus

(c) die wisselwerking tussen grondtipe, helling, en reënval verstaan, wat aanleiding gee tot verskillende plante en diere.

AKTIWITEIT 4 WATER

SPESIFIEKE DOELWIT
Om aan die kursusganger die belangrikheid van water tuis te bring.

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) besef dat water die heel belangrikste element van voeding is (bv. eetstakers in tronke drink net water en oorleef 2 maande!);
(b) die eienskappe van bruikbare (skoon) water ken;
(c) watersuiweringstegnieke bemeester waar nodig;
(d) kennis neem van siektes wat deur water versprei word (cholera, bilharzia, oop water);
(e) kennis neem van gevare van waterbesoedeling;
(f) weet waar om vir water in 'n oorlewingsituasie te soek (plante, ondergronds, diere, ens.);
(g) 'n waterhouer kan prakseer.

AKTIWITEIT 5 LUG

SPESIFIEKE DOELWIT
Om by die kursusganger die noodsaaklikheid van skoon lug tuis te bring.

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) aangemoedig sal word om deel te neem aan die nasionale debat oor die voorkoming van lugbesoedeling;
(b) die elemente waaruit lug bestaan ken;
(c) die invloed van lugbesoedeling op mens, dier en plantelewe besef;
(d) 'n aksieplan kan opstel van hoe lugbesoedeling vermy kan word;

AKTIWITEIT 6 EKOSTELSELS EN HABITAT

SPESIFIEKE DOELWIT
Om aan die kursusganger die beginsels van 'n ekostelsel tuis te bring.

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) besef hoe die natuur selfonderhoudend is – bioties en abioties;
(b) besef hoe die mens die natuurlike ekostelsel beïnvloed;
(c) die spesifieke habitat van die kursusomgewing sal verstaan en fauna en flora wat daar voorkom kan beskryf;
(d) die begrippe bemeester – habitat, ekostelsel, bioties, abioties, kosmos ens.

AKTIWITEIT 7 NATUURBEWARING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die komponente wat onder natuurbewaring tuishoort.

STANDAARD Dat die kursusganger

(a) besef hoekom die natuur bewaar word;
(b) faktore identifiseer wat die natuurlike omgewing bedreig (besoedeling, indringer-spesies, menslike en natuurlike versteuring van die habitat);
(c) 'n oorsig kry van formele (wildtuine) en informele (privaat) bewaringstrukture in sy omgewing;
(d) kennis neem van beskermde plante – veral in sy eie omgewing.

AKTIWITEIT 8 WEERKUNDE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om aan die kursusganger bepaalde kennis en vaardighede deur te gee om weersomstandighede te interpreteer.

STANDAARD Dat die kursusganger

(a) eenvoudige weerpatrone kan interpreteer;
(b) die weerberigte oor die radio en televisie kan verstaan;
(c) 'n noodsituasie wat deur skielike weersveranderinge teweeg gebring is kan hanteer (weerlig, storms, sneeu, winde of oorstromings).

AKTIWITEIT 9 PLANTEGROEI

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger vertroud te maak met 'n bepaalde hoeveelheid kennis van plante en vaardig te maak in die uitken van plante.

STANDAARD Dat die kursusganger

(a) 'n breë indeling van die planteryk sal kan doen: voorplanting deur selverdeling, spore, naaksadigdes / bome, struike, grasse ens;
(b) geleentheid kry om bepaalde plante van die omgewing uit te ken en dat die geaardheid bespreek word;
(c) kennis opdoen hoe plante geïdentifiseer word in 'n nuwe omgewing - spesifiek t.o.v. uitheemse/indringerplante, bedreigde spesies en gifplante;
(d) besin oor die gebruikswaarde van bepaalde plante in die omgewing -spesifiek t.o.v. voedselplante, plante as bron van water en veldplante van medisinale belang).
(e) 'n versameling van plante maak en dit identifiseer.

AKTIWITEIT 10 DIEREKENNIS

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger vertroud te maak met 'n paar aspekte van die dierelewe.

STANDAARD Dat die kursusganger

(a) 'n basiese indeling van die diereryk kan maak bv. gewerweld, ongewerweld, voëls, soogdiere, koudbloedig, warmbloedig;
(b) die inleidende beginsels van voëlidentifisering leer;
(c) geprikkel word met die bestudering van soogdiere;
(d) 'n basiese oorsig kry oor reptiele en die hoofgroepe kan identifiseer;
(e) inleidende beginsels van insek- en arachnida-identifisering leer;
(f) inleidende beginsels van amfibië leer;

(g) die dierelewe bestudeer met inagneming van die volgende:

* Tekens van teenwoordigheid	* Natuurlike tuiste	
* Waterdrinkgewoontes	* Nut vir die natuur	
* Nut vir die mens	* Wetlike aspekte	(bedreigde spesies)

AKTIWITEIT 11 VELDHIGIëNE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die beginsels van higiëne in die veld by die kursusganger tuis te bring.

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) besef hoe belangrik goeie higiëne in die veld is (hande was, kos voorberei, skoon kombuis ens.);
(b) vertroud raak met verskillende sanitêre geriewe in die veld (puttoilet en kat sanitasie);
(c) vertroud raak met die hantering van afvalstowwe in die veld (biologies afbreekbaar, nie afbreekbaar – neem huistoe).

AKTIWITEIT 12 TOUWERK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met touwerk wat in die veld benodig word.

STANDAARD Die kursusganger moet
(a) die volgende knope bemeester: skuifknoop, kniehalterslag, booglyn, kruisvaswoel en voorslagknoop;
(b) hierdie knope prakties kan gebruik, soos bv. om meubels te maak, skuilings te bou, vrag vas te maak, te abseil ens.

AKTIWITEIT 13 TOERUSTING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om 'n velduitstappie, met 'n oornaggeleentheid, van A tot Z te reël. (Wenk: hou gebeurlikheidsplan in gedagte – sien onder)

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) prakties leer om volle verantwoordelikheid te neem vir die beplanning en uitvoering van 'n uitstappie, ingesluit alle toerusting;
(b) leer hoe om 'n rugsak optimaal te pak, te gebruik en te onderhou.

AKTIWITEIT 14 NOODHULP EN GEBEURLIKHEIDSBEPLANNING

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) die volgende probleme wat in die veld kan ontstaan kan identifiseer en hanteer:
- noodhulp (kursusganger moet opgeskerp word in die volgende):
  i. noodhulpprioriteite – volgorde van optrede
  ii. brandwonde
  iii. blase
  iv. dehidrasie/oorhidrasie

v. hipotermie
vi. hittesteek/hitteuitputting
vii. skok
viii. verstuiting
ix. asma

- gebeurlikheidsbeplanning (vooraf en tydens)
  i. gastro
  ii. brand – tent
  iii. swaar reën
  iv. kind vermis
  v. verdwaal – alleen of groep
  vi. weerlig
  vii. wind

(b) 'n noodhulptas vir 'n kampuitstappie kan beplan.

AKTIWITEIT 15: ORIëNTERING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die metodes om in die veld te oriënteer en te beweeg.

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) rigting kan bepaal met die volgende metodes:
kompas, horlosie (son), sterre en skadustok;
(b) 'n kaart met 'n kompas en horlosie kan oriënteer;
(c) gemaklik kan omgaan met 'n kaart van die omgewing;
(d) sy posisie met lengte- en breedtegrade kan weergee;
(e) blootgestel word aan 'n GPS.

AKTIWITEIT 16: SKUILINGS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die gebruik van skuilings aan die kursusganger oor te dra.

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) redes verskaf waarom skuilings gebou moet word (oorlewing, beskerming teen natuur, beskerming teen ongewensde elemente);
(b) beginsels van goeie skuilings kan noem;
(c) leer hoe om 'n effektiewe en gemaklike skuiling te bou, sonder om die natuur te beskadig;
(d) metodes van verberging aanleer.

AKTIWITEIT 17: VUURMAAK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die beginsels van vuurmaak in die veld by die kursusganger tuis te bring.

STANDAARD Dat
(a) die beveiliging van 'n vuurmaakpunt bespreek word;
(b) veilige en ekonomiese vuurmaakmetodes bespreek word;

(c) die hantering van 'n veldbrand op die betrokke terrein bespreek word en gebeurlikheidsbeplanning gedoen word (bv. PD's slaan nooit vuur nie, beveilig voertuie en mense, windrigting en sterkte ens.)

AKTIWITEIT 18: VELDKOOK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger sommige basiese tegnieke van veldkookkuns aan te leer.

STANDAARD Dat die kursusganger
(a) 'n effektiewe en higiëniese veldkombuis daar kan stel;
(b) kookgerei in die veld kan prakseer;
(c) verskillende gaarmaakmetodes in die veld bemeester (kook, bak, braai en hooikas).

AKTIWITEIT 19: STERREKUNDE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met enkele sterrebeelde, die sigbare planete en die maan.

AKTIWITEIT 20: OORLEWING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die beginsels van oorlewing.

STANDAARD Dat
a) die belangrikheid van die totale mens in oorlewing beklemtoon word;
b) die kursusganger prioriteite in 'n noodgeval kan bepaal (suurstof, water, kos, beskutting ens);
c) die kursusganger bewus raak van basiese reëls van eetbare en nie-eetbare plante en diere;
d) die kursusganger 'n kospakkie pak vir 'n dag of tweedaguitstappie met al die elemente van die voedselpiramide;
e) die positiewe denke en geloofsoortuiging beklemtoon word in 'n oorlewingsituasie.

AKTIWITEIT 21 VELDWAARNEMING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger aan te moedig om oplettend in die veld te wees.

STANDAARD (laaste aktiwiteit – integreer al die kennis sover geleer)
Dat die kursusganger tyd in die veld spandeer (stap) en die volgende waarneem: oplet na die spore en tekens wat in die omgewing voorkom – nessies, bome, mis, plante, voëls, soogdiere, reptiele, insekte, swamme, geomorfologie ens.